21 Movies

Huiskerk

Quellerina Gemeente

# Toy Story

## Joshua 13:1-14

Veertig jaar lank het hulle saam met die ander stamme van Israel swaar gekry in die woestyn. Nou, met hulle aankoms in die beloofde land, is dit net hulle, die Leviete , wat niks kry nie. (v14)

Buzz Lightyear, die Space Ranger in Toy Story , kom tot die wrede ontdekking dat hy net 'n speelding is. Gemaak in Taiwan. Gelukkig lees hy ook onder sy skoen - Andy. En dit is hierdie naam wat aan hom die krag gee om te ontsnap.

Onder die Leviete se skoen staan ook iets geskryf - geoffer aan die Here die God van Israel.(v14)

Lees die teks stadig deur. Lees dit hardop indien moontlik.

Hoe pas hierdie by jou lewe in?

Hoe pas hierdie in jou kind se lewe?

Wat kan julle as gesin uit hierdie storie neem?

Dit is dalk meer as wat die ander stamme gekry het: om God en Sy beloftes te hê oortref alles in waarde. Sy naam is ook op jou lewe ingrafeer. (Bybel 24/7)